OB8'10
24 Februarie 2010

Geagte Ouers

Die volgende belangrike inligting aan u:

1. **Kameelboekies**
Sluitingsdatum vir inhandiging van kameelboekies is Dinsdag 2 Maart 2010 om 13:30. Geen boekies wat na hierdie sperdatum ingehandig word sal in aanmerking kom vir die kompetisie nie.

2. **"Camels by Candle light"**
Op **Saterdag 6 Maart 2010 – om 19:00** tree ***ELIZMA THERON*** by Laerskool A.G. Visser op.
Kaartjies is by die kantoor (Annatjie) beskikbaar.

Kaartjie pryse:
- Beloop R50 per sitplek.
- Kinders wat nie sit nie – R20 per kind
- Kinders 2 jaar en jonger is gratis.

Die hekke open reeds om 17:00 en kaartjies sal die aand van optrede ook by die hekke te koop aangebied word.

Parkering met sekuriteit – binne en buite die skool:
- **by die naskoolsentrum – ingang in Breëstraat**
- **strate om Laerskool A.G. Visser.**

Verversings:
Snoepie is oop en ander verversings sal te koop aangebied word. Bring jou eie braaipakkies, braaigereedskap, eetgerei, ens. saam en kom braai en kuier lekker. Braaivleisvure verskaf deur die skool sal vanaf 17:00 beskikbaar wees, asook na die vertoning.

Kaartjie verkope is uitstekend! Skaf dus jou kaartjie so gou as moontlik aan deur die afskeurstrokie te voltooi en die bedrag in te sluit, om teleurstelling te voorkom.

Vissiegroete.

_____
J.S. Roothman
Prinsipaal

AFSKEURSTROKIE
**** Handig by registeronderwyser in**

Ek, Mnr./Me _____ ouer / voog van _____
in Gr. _____ (bv. Gr.1A) benodig die volgende kaartjies.

- Aantal R50 kaartjies: _____ = R _____
- Aantal R20 kaartjie: _____ = R _____

Totaal = R _____

Handtekening van ouer/voog: _____ Datum: _____